Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

GESKIEDENIS V1
NASIENRIGLYN

PUNTE: **150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne. • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme.	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne.	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings.	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ‘n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ’n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ’n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Paragraafvraag

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

_____ + _____ + _____

_____ + _____ + _____

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

P	**Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	**Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

*Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET DIE ONTPLOOIING VAN MISSIELE NA KUBA TOT DIE KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's BYGEDRA?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Die VSA het Jupiter-missiele na Turkye ontplooi
- 'n Amerikaanse komplot om die Castro-regering omver te werp.

(2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Castro het 'n noue verhouding met die USSR gevestig
- Kuba het die ideologie van kommunisme aanvaar
- Kennedy het die impak van die domino-effek in Latyns-Amerika gevrees
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Om die installering van missiele in Turkye deur die VSA teen te werk
- USSR wou binne trefafstand van die VSA wees
- Om enige toekomstige inval van Kuba deur die Verenigde State te voorkom
- Om die magsbalans te handhaaf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Om die publiek in te lig oor die ontwikkkelinge in Kuba
- Sy besluit om 'n vlootblokkade te inisieer en af te dwing
- Die moontlike globale gevolge indien die krisis sou voortduur
- Dit sal die beleid van hierdie land wees om enige kernmissiel wat vanaf Kuba gelanseer word teenoor enige land in die westerse halfrond, te beskou as 'n aanval van die Sowjetunie op die Verenigde State wat 'n volle vergeldingsreaksie sou hê op die Sowjetunie (4 x 1) (4)

1.2.2 *[Definisie van historiese konsep vanuit Bron 1B – V1]*
- Die sluiting van alle vlootroetes vir die USSR skepe na Kuba om die aflewering van missiele te verhoed
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B – V2]*
- Hy het dit as 'n daad van aggressie gesien aangesien die VSA gereed was om aan te val
- Hy het die internasionale reg om vrylik op internasionale waters te beweeg geskend
- Hy het geen reg gehad om in die verhouding tussen Kuba en Rusland in te meng nie.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Dit het die wêreld op die rand van ŉ kernoorlog gebring
- Kennedy en Khrushchev het nie saamgestem oor die verwydering van missiele in Kuba nie
- Nie een van die twee leiers wou hul posisie prys gee nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[Analise van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die USSR / Khrushchev het missiele na Kuba ontplooi (die aanduiding dat Kuba met ŉ missiel toegerus is)
- Die VSA / Kennedy het die ontplooiing van missiele ontdek (die VSA kyk na Kuba met ŉ missiel)
- Kuba / Castro het die missiele aanvaar (Kuba dra ŉ missiel)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Castro was op soek na beskerming teen enige inval deur die VSA
- Castro wou Kuba verdedig.
- Na die Bay of Pigs inval, het Castro bedreig gevoel en daarom het hy die USSR om hulp gevra.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 1C – V3]*

Bruikbaar tot ŉ groot mate:
- Dit gee ŉ Amerikaanse siening van die ontdekking van missiele in Kuba
- Dit bied visuele bewyse van die ontplooiing van missiele na Kuba.
- Dit wys dat Kuba missiele ontvang en aanvaar het
- Dit wys die VSA die ontplooiing van missiele waargeneem het
- VSA het bedreig gevoel omdat die missiele binne trefafstand van alle Amerikaanse stede was
- Enige ander relevante antwoord

Bruikbaar tot ŉ mindere mate
- Dit gee ŉ Amerikaanse siening van die ontdekking van missiele in Kuba
- Bron is bevooroordeeld teenoor Kuba
- Kuba as aggressief gesien
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1B en 1C – V3]*
- Bron 1A verskaf inligting rakende die Amerikaanse ontdekking van missielterreine in Kuba, terwyl Bron 1C visuele bewyse van die gevestigde missielterreine toon
- Beide bronne verduidelik die gevaar van die oprigting van missiele (Missielkrisis)
- Beide bronne toon dat Rusland en Amerika betrokke was by die Kubaanse missielkrisis
- Dat Kuba slegs ŉ pion was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Om die dooiepunt met 'n kompromis te beeïndig
- Die Sowjetunie sou hul missiele vanaf Kuba verwyder en die VSA sou hul missiele vanaf Turkye verwyder (Enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Dit het in 'n bevestigingsmissie verander om seker te maak dat die Sowjetunie by hul belofte gehou het om die missiele te verwyder. (1 x 2) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

(a)
- Kennedy is as 'n held beskou
- Kennedy is as 'n vredemaker deur die mense van die wêreld beskou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2)

(b)
- Khrushchev is as 'n uitverkoper van die kommunistiese ideologie vir VSA kapitalisme beskou
- In 1963 is hy as 'n leier van die Sowjetunie verwyder
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (4)

1.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Die stigting van 'n direkte telefoonlyn vanaf Moskou, die hoofstad van die Sowjetunie, na Washington DC
- Die ondertekening van die Verbod op die Toets van Kernwapensverdrag (2 x 1) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate mag die volgende gebruik as punte om die vraag te beantwoord:
- Kuba het haarself met Rusland geassosieer (Bron 1A)
- VSA het homself in opposisie teen Castro se regime verklaar (Bron 1A)
- Amerikaanse komplot om Kastro omver te werp (Bron 1A)
- VSA het sy missielbasisse in Turkye en Italië gevestig, op die drumpel van die USSR (Bron 1A)
- In reaksie daarop het die USSR missiele na Kuba ontplooi, dus binne trefafstand van die VSA (Bron 1A)
- VSA het USSR gedreig – Kubaanse aanval sou gesien word as 'n aanval op VSA (Bron 1B)
- VSA het gereageer deur 'n kwarantyn om Kuba in te stel om te verhoed dat USSR-skepe Kuba binnedring. (Bron 1B)
- VSA kondig Defcon 2/3 status aan (Bron 1B)
- USSR sien blokkade as 'n daad van aggressie en het skepe beveel om voort te seil (Bron 1B)
- Krisis het 'n dooiepunt bereik (Bron 1B)
- Die situasie het vererger met die wêreld wat sy asem opgehou het ter afwagting van 'n moontlike kernoorlog. (Bron 1C en eie kennis)
- Beide die VSA en die USSR het diplomatieke onderhandelinge begin om die krisis te beëindig sonder om enige missiel af te vuur. (Bron 1D)

- Eise en kompromieë is deur beide die VSA en die USSR gemaak om die krisis te beëindig (Bron 1D en eie kennis)
- USSR het ingestem om sy missielbasis in Kuba af te takel, terwyl die VSA hom verbind het om ontslae te raak van die missiele in Turkye en Italië
- Albei het ingestem om Kuba alleen te laat
- ʼn Direkte telefoonlyn was gestig vir diplomatieke kommunikasie tussen die VSA en die USSR (Bron 1D)
- Die Verbod op die Toets van Kernwapensverdrag is onderteken om die einde van die krisis aan te dui (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ʼn punt toe te ken:

VLAK	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op ʼn elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip van **hoe die ontplooiing van missiele na Kuba tot die Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR in die 1960's bygedra het**. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ʼn paragraaf skryf nie	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon ʼn mate van begrip van **hoe die ontplooiing van missiele na Kuba tot die Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR in die 1960's bygedra het**. • Gebruik bewyse op ʼn basiese manier om ʼn paragraaf te skryf	**3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. toon ʼn deeglike begrip van **hoe die ontplooiing van missiele na Kuba tot die Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR in die 1960's bygedra het**. • Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp toon	**6–8**

(8)

[50]

VRAAG 2: WAAROM HET SUID-AFRIKA BY DIE ANGOLESE ONAFHANKLIKHEIDSOORLOG BETROKKE GERAAK?

2.1 2.1.1 *[Omskrywing van historiese begrippe uit Bron 2A – V1]*
- 'n Oorlog tussen die burgers van dieselfde land, in hierdie geval die FNLA, UNITA en die MPLA, binne die grense van Angola
- Enige ander relevante atwoord (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- FNLA
- UNITA
- MPLA (3 x 1) (3)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- MPLA (1 x 1) (1)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Hulle was teen die kommunistiese MPLA
- Om die verspreiding van kommunisme in Suider-Afrika te stop
- Om pro-Suid-Afrika buurstate te vestig
- MPLA was deur Kubaanse militêre magte bygestaan
- Enige relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Operasie Savannah
- Operasie Reindeer
- Operasie Protea
- Operasie Askari (Enige 3 x 1) (3)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Suid-Afrika het geen reg gehad om in Angola se interne sake in te meng nie
- Het magte opgelei om die Angolese regering omver te werp
- Het massiewe hulp aan rebellemagte verleen
- Suid-Afrika wou aan die Westerse wêreld bewys dat hulle anti-kommunisties was
- Suid-Afrika wou aan die Westerse wêreld bewys dat hulle pro-kapitalisties was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Om te verhoed dat die MPLA-magte die bewind oorneem
- Angola daarvan beskuldig dat hulle basisse verskaf het waarvandaan SWAPO, die enigste Namibiese bevrydingsbeweging wat 'n gewapende stryd teen Suid-Afrika gevoer het, guerrillas na Namibië gestuur het
- Angola was ook die tuiste van die belangrikste militêre opleidingsbasisse van Umkhonto we Sizwe (MK), die gewapende vleuel van die ANC
- Om 'n bietjie internasionale krediet van Westerse magte te herwin (Enige 3 x 1) (3)

2.2.4 *[Bepaling van betroubaarheid van Bron 2B – V3]*
Betroubaar tot 'n groot mate
- Bron is deur 'n betroubare historikus/professor geskryf
- Dit is op 'n sekondêre bron van navorsing gebaseer
- Die inligting kan deur ander bronne bevestig word
- Die doel was om die leser oor Suid-Afrika se betrokkenheid in te lig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Analise van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit toon Suid-Afrikaanse magte wat vir die geveg voorberei
- Dit toon dat die SAW 'n aansienlike aantal troepe / soldate gehad het
- Dit wys die wapentuig wat die SAW tot sy beskikking gehad het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die stryd het geëindig in 'n dooiepunt wat gelei het tot onderhandelinge
- Onderhandelinge het gelei tot Namibië se onafhanklikheid
- Dit het tot 'n swart meerderheidsregering in Namibië gelei
- Enige relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van inligting in Bron 2B en 2C – V3]*
- Bron 2B gee verslag van Suid-Afrikaanse ingrypings, 'die grootste voor diegene wat rondom Cuito Cuanavale plaasgevind het' terwyl Bron 2C die Suid-Afrikaanse troepe in die geveg op Angolese terrein toon.
- Bron 2B verklaar dat Suid-Afrikaanse troepe Angola dikwels binnegeval het om militêre hulp aan UNITA te bied en in Bron 2C demonstreer die visuele bron die SAW wat militêre voertuie vir die stryd van Cuito Cuanavale voorberei.
- Beide bronne verwys na die gereedheid van die SAW vir die gevegte in Angola, veral die stryd om Cuito Cuanavale
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Toe hulle hewige weerstand van die Angolese gekry het, het die operasionele bevel van die SAW ineengestort (Enige 1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Massiewe Kubaanse ondersteuning vir die MPLA
- SA het hul lug oormag verloor
- Die MIG23's het verseker dat die slag 'n dooiepunt bereik
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Die SAW het geen waarde aan swart lewens gekoppel nie.
- Hulle het rassistiese beleide teenoor swartes gevolg
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Baie blanke soldate het gesterf
- Hulle was nie in staat om die Angolese magte te verslaan nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidaat mag die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Troepe van Zaïre en SA het Angola binnegeval om die FNLA en UNITA onderskeidelik aan bewind te plaas (Bron 2A)
- SA was gekant teen MPLA as gevolg van hul Kubaanse militere ondersteuning (Bron 2A)
- SA beskuldig MPLA dat hulle basisse vir SWAPO voorsien (Bron 2B)
- SWAPO het Angola gebruik om guerrilla-vegters na SWA te stuur (Bron 2B)
- MPLA het ANC toegelaat om militêre basisse in Angola op te rig (Bron 2B)
- SA wou die militere basisse van Umkhonto we Sizwe vernietig (Bron 2B)
- SA was anti-kommunisties en wou verhoed dat die MPLA aan bewind kom (Bron 2B)
- SA was pro-kapitalisties en wou internasionale krediet en aansien van die westerse magte wen
- SA wou sy beleid van isolasie verbreek (eie kennis)
- SAW gereed vir die slag van Cuito Cuanavale (Bron 2C)
- SAW wou finale slag by Cuito toedien (Bron 2D)
- Angolese en Kubaanse MIG23's was beter as die Suid-Afrikaanse lugmag bewys (Bron 2D)
- Moderne wapentuig het 'n Suid Afrikaanse oorwinning voorkom (eie kennis)
- 'n Gekombineerde poging deur Angolese groepe (MPLA) en Kubaanse troepe was gedug genoeg om die SAW-opmars te stuit. (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip **van waarom Suid-Afrika by die Angolese Onafhanklikheidsoorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon 'n mate van begrip **van waarom Suid-Afrika by die Angolese Onafhanklikheidsoorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf	**3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. toon 'n deeglike begrip **van waarom Suid-Afrika by die Angolese Onafhanklikheidsoorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**6–8**

(8)
[50]

VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE SWARTMAGBEWEGING OP AFRO-AMERIKANERS WAT IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEDURENDE DIE 1960's GELEEF HET?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Jong, swart sogenaamde militantes
- Radikales afkomstig uit die stedelike gebiede in die Noorde

(2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Indien iemand jou slaan, dan stuur jy hom na die begraafplaas.' (1 x 1) (1)

3.1.3. *[Omskrywing van historiese konsepte vanuit Bron 3A – V1]*
- Vier ('celebrate') swart trots en beklemtoon die belangrikheid van swart vasberadenheid
- Die oortuiging dat swartmense trots moet wees op hulself, hul erfenis, voorkoms en prestasies
- 'n Sosiale ideologie wat hoop en waardigheid aangemoedig het, maar ook selfhelp, selftrots, selfstandigheid en selfbeskikking.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Die burgerregtebeweging het gepleit vir nie-gewelddadige en passiewe aksie
- Die pas van verandering wat die Burgerregtebeweging aangebring het was te stadig
- Hulle het nie geglo dat hulle hul vryheid sou kry deur passiewe weerstand nie – eerder deur geweld
- Hulle het nie geglo in eenheid, vrede en gelykheid tussen swartes en blankes nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.5 *[Bepaling van bruikbaarheid van Bron 3A – V3]*
Bruikbaar
- Gee 'n perspektief van hoe die jeug in die noorde gevoel het oor hul status in die VSA in die 1960's
- Dit wys dat 'n sekere seksie van die swart gemeenskap ontnugter was met die stadige pas van verandering van die burgerregtebeweging
- Wys dat Malcolm X geweld voorgestaan het om verandering mee te bring
- Dit wys dat Malcolm X nie geglo het in passiewe weerstand nie maar eerder in selfverdediging
- Bron wys dat die swart bevolking onderhewig was aan polisiebrutaliteit; vandaar sy standpunt oor geweld
- Hy wou polisiebrutaliteit met geweld aanpak
- Hy wou hê swartmense moet hulself bestuur sonder wit hulp
- Bloedvergieting was die enigste manier wat verandering sou meebring
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Kwaadwillig, skaamteloos en onmenslik aangerand
- Geslaan deur ŉ leër varke (polisie)
- Hulle was vermoor (3 x 1) (3)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Deur die onderwysstelsel wat wit oppergesag geleer het deur altyd swart mense as minderwaardig uit te beeld.
- Geen opposisie of protes deur blanke burgers
- Die radio, televisie, tydskrifte en koerante laat ons soos wettelose misdadigers blyk.
- Dit het daartoe gelei dat wit mense glo dat hulle in gevaar is (Enige 2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Hulle metode/manier van vreedsame verset teen polisiebrutaliteit het nie gewerk nie en moes hersien word
- Die regering het nie die swartes gelykheid en vryheid gegee nie, ten spyte van die vreedsame natuur van hul protes
- Hulle moes nuwe metodes van weerstand wat gebaseer was op geweld toepas om veranderinge teweeg te bring
- Die dood van die drie Black Panther-lede het die behoefte aan die gebruik van radikale en gewelddadige metodes van weerstand geregverdig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Gratis skoene
- Noodhulpstelle (Enige 2 x 1) (1)

3.3.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Om die groei en effektiwiteit van die program uit te wys
- Om aan te dui dat Swartes dinge vir hulself kon doen
- Om aan te dui in watter basiese behoeftes voorsien is en om ander mense onder druk te plaas om die program te borg en te ondersteun
- Om swart selfstandigheid aan te dui
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Geïmplementeer om die mense te dien
- Sodat die gemeenskap uiteindelik, hulself kan bedien sonder om afhanklik te wees van die gierige (gulsige) sakemanne om ons te gee wat ons nodig het.
- Dit is ŉ manier waarop ons ons nuwe samelewing sal begin sien. (Enige 2 x 1) (2)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Swartmense moet beheer oor hul eie lot neem
- Swartmense moet mag in eie hande neem om hul eie sake te administreer
- Swartes moet verenig met ander gemarginaliseerde groepe in
- Amerika en hulself te regeer
- Mag om politieke en ekonomiese vryheid te herwin
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Gratis ontbyt vir kinders (Enige 1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Om die Afro-Amerikaanse gemeenskappe deur gemeenskapsprogramme te verhef bo hul armoede
- Om self-hulp, self versorgsaamheid en self-trots onder Afro-Amerikaners te bevorder
- Om die idees van Swartmag te versprei
- Om hul lede teen polisiebrutalitiet te beskerm
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in bronne om ooreenkomste te bepaal – V3]*
- Bron 3C verklaar dat die 'Survival Programme' geïmplementeer was om die mense te dien. Dit word ondersteun deur die bewyse in Bron 3D wat die gratis ontbytprogram uitbeeld wat aangebied was om aan die behoeftes van kinders te voldoen
- Bron 3C meld dat die 'Survival Programme' deur die Black Panther Party begin was. Dit word ondersteun deur die bewyse in Bron 3D wat verklaar dat die ontbytprogram deur die Black Panther Party begin was
- Bron 3C verklaar dat die Black Panther Party maniere ontwikkel het waarin swartes sonder wit hulp kon oorleef. Dit word ondersteun deur Bron 3D met swartes wat gratis ontbyt vir swart kinders aanbied sonder die hulp van blankes
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*
Kandidate mag die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Malcolm X het die nie-gewelddadige weerstand verwerp wat deur Martin Luther King Junior bevorder is, en het jong swart mans beïnvloed met sy verklarings wat aanspraak gemaak het op radikale verandering en die gebruik van geweld om segregasie te weerstaan (Bron 3A)
- Malcolm X het ook selfverdediging beklemtoon weens die omvangryke gebruik van geweld deur die polisie teen vreedsame betogers, anders as Martin Luther King (Bron 3A)
- Konstante polisiebrutaliteit in die swart gemeenskappe en die dood van die drie Swart Panther-lede het gelei tot die opkoms van die Swartmagbeweging wat ŉ militante groep was wat die swart gemeenskappe beskerm en verdedig het (Bron 3B)
- Het gelei tot die aanneem van nuwe metodes van weerstand gebaseer op geweld en selfstandigheid (Bron 3B)
- Die Swartmagbeweging het hulle verset teen rassisme, uitbuiting en polisiebrutaliteit (Bron 3B)
- Swartmagbeweging het swartes aangemoedig om terug te veg op enige moontlike manier (Bron 3B)
- Swartmagbeweging het gemeenskapsprogramme geloods (Bron 3C)
- Gemeenskapsprogramme se doel was selfstandigheid sonder blanke bystand (Bron 3C)
- Burgerregtebeweging loods die People's Survival Programme sodat gemeenskappe hulself kan bedien (Bron 3C)
- Swartmagbeweging wou hul eie nuwe samelewing stig (Bron 3C)
- Swartmagbeweging voorsien gratis ontbyt vir swart kinders (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord (8)

Gebruik die volgende om ŉ punt toe te ken:

VLAK	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse**,** bv. toon geen of min begrip van **die impak van die Swartmagbeweging op Afro-Amerikaners wat in die VSA gedurende die 1960's geleef het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon ŉ mate van begrip van **impak van die Swartmagbeweging op Afro-Amerikaners wat in die VSA gedurende die 1960's geleef het.** • Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf.	**3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. toon ŉ deeglike begrip van **impak van die Swartmagbeweging op Afro-Amerikaners wat in die VSA gedurende die 1960's geleef het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon	**6–8**

(8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – CHINA

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Indien hulle saamstem, moet hulle dit kortliks verduidelik en hul standpunt met historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie.

UITBREIDING

- Mao Zedong se implementering van die Eerste Vyfjaarplan (slegs kort agtergrond)
- Implementering van die Tweede Vyfjaarplan – Groot Sprong Vorentoe (Great Leap Forward) in 1958. Die doelwit om industriële en landbouproduksie in China te verhoog.
- Om alle vorme van private onderneming te beëindig.
- Bevorder die kollektivering van koöperasies (plase)
- Hanteer verset teen kollektivering deur 'n gedwonge samesmelting van plase
- Statistieke van produksie-uitsette was oordrewe om die sukses van die beleid te bewys
- Hoë belasting op plaasprodukte het gelei tot ontevrede boere en verminderde produksie
- Het gesteun op ongeskoolde arbeid (boere) vir industriële produksie, eerder as wetenskaplikes en ingenieurs. Dit het gelei tot 'n afname in produktiwiteit in die nywerheidsektor
- Werkers moes lang ure werk om produksie te verhoog
- Groot Sprong vorentoe was 'n totale mislukking na 3 jaar van implementering
- Mao Zedong nie in staat om die dood van miljoene mense a.g.v. hongersnood te stop nie.
- Mao Zedong het kapitalisme in slegs sekere sektore hervat
- Mao Zedong bedank as president van China (1959), maar bly as voorsitter van die Kommunistiese Party (oorhandig gesag aan president Liu Shaoqi en Deng Xiaoping om ekonomiese kwessies te hanteer)
- Hy het die Kulturele Rewolusie in 1966 ingestel om gesag te herstel wat verlore geraak het as gevolg van die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe
- Gebruik die Kommunistiese Party om die gesag van die regering af te dwing
- Het die hernasionalisering van swaar nywerhede weer begin
- Fokus op die beginsel om 'n klaslose samelewing te vestig
- Die Rooi Wagte was gestig om met die teenstanders van die Kommunistiese Party te deel
- Gebruik die Rooi Wagte om ou gewoontes en houdings te verander (Vier Oues)

- Het die Klein Rooi Boek ingestel om die gedagtegang van kritici te verander en kommunisme te bevorder
- Om kommunisme af te dwing, is skole, universiteite en kolleges gesluit en kritici is dienooreenkomstig hanteer
- Sleutelbeamptes is geëlimineer (Xiaoping en Liu Shaoqi) en Mao het in 1966 die enigste leier van China geword
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argumente met relevante gevolgtrekkings saamvat. **[50]**

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet die suksesse en uitdagings wat beide Tanzanië en die Kongo in die gesig staar, krities bespreek, met spesifieke verwysing na ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling nadat hulle onafhanklik van die koloniale regering geword het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet die suksesse en uitdagings wat Tanzanië en die Kongo in die gesig gestaar het, krities bespreek met spesifieke verwysing na hul ekonomiese, sosiale en politieke ontwikkeling nadat hulle onafhanklik geword het van koloniale heerskappy.

UITBREIDING

Politieke transformasie van Kongo en Tanzanië

Ooreenkomste:

- Beide die Kongo en Tanzanië was tot in die vroeë 1960's onder Europese koloniale heerskappy
- Nadat multi-party-verkiesings tydens onafhanklikheid gehou is, het beide lande eenparty-state geword in die eerste vyf jaar nadat hulle onafhanklik geword het
- Albei lande het verkiesings gehou
- Beide leiers beklemtoon die belangrikheid van Afrikanisering van hul politieke stelsels (hulle beskou demokrasie as ŉnie-Afrikaan' en ŉ westerse oplegging)
- Die leiers van beide lande (Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere) het tussen die 1960's en 1970's as "lewenslange president" aangebly.
- In beide lande is opposisieleiers stilgemaak, gevange geneem en in sommige gevalle vermoor
- Beide Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere was trots op die bou van hul nasies en het die trots van Zaïrees of Tanzanies-wees uitgeleef

Verskille:

- Mobutu Sese Seko het ŉ kleptokrasie daargestel, ŉ groep aangestelde openbare amptenare wat hul posisie vir finansiële gewin misbruik het terwyl Julius Nyerere die 'Leierskapskode' in die Arusha-verklaring ingestel het wat hoë vlakke van integriteit van openbare amptenare geëis het
- Mobutu Seso Seko was buitensporig en het duur klere gedra en het vir hom ekstravagante paleise gebou, terwyl Julius Nyerere se leierskapstyl een van persoonlike integriteit en nederigheid was
- Mobutu Sese Seko het hom met die Weste vereenselwig, terwyl Julius Nyerere ŉ beleid van nie-vereenselwiging met kapitalistiese of kommunistiese lande aangeneem het

EKONOMIESE TRANSFORMASIE VAN DIE KONGO EN TANZANIË

Ooreenkomste:
- Beide lande het grootliks op landbou en mineraal-ontginning staatgemaak en geen land kon 'n geloofwaardige vervaardigingsektor ontwikkel nie
- Geen land het 'n beduidende toename in die lewenstandaard vir die meerderheid van sy mense gehad nie
- Beide lande het ekonomiese krisisse ervaar en moes dus staatmaak op buitelandse hulp

Verskille:
- Mobutu Sese Seko het die industrie aanvanklik met sy beleid van Zaïrinisasie genasionaliseer, maar toe dit misluk, het hy 'n kapitalistiese model aangeneem; Julius Nyerere het 'n Afrika-sosialistiese model aangeneem (soos uiteengesit in die Arusha-verklaring) wat tot die nasionalisering van besighede en grond gelei het
- Mobutu het hulp, belegging en finansiële ondersteuning van die Weste (veral die VSA en Frankryk) aanvaar; Nyerere was aanvanklik teen die aanvaarding van buitelandse hulp (sien dit as neo-kolonialisme) gekant
- Mobutu het 'n nuwe klas elite-ondersteuners geskep; Nyerere het probeer om Tanzanië van klasse-onderverdelings ontslae te raak
- Enige ander relevante antwoord

MAATSKAPLIK EN KULTUREEL

Onderwys en taal
- Koloniale onderwys het Eurosentriese waardes bevorder
- Onder kolonialisme het min Afrika-kinders weinig meer as primêre onderrig ontvang
- Die Kongo en Tanzanië het 'n paar gekwalifiseerde tegnici en ingenieurs gehad
- Kinders het Europese geskiedenis en tale geleer en Westerse kennis is bo Afrika-kennis bevoordeel

Onderwys in Tanzanië
- Nyerere het die gebruik van Swahili ('n algemene taal wat deur meeste Tanzaniërs gepraat word) bo Engels bevorder
- Tussen 1961 en 1981 het ongeletterdheid in Tanzanië van 80% na 20% geval.
- Min bronne is aan tersiêre onderrig gegee. Laerskool inskrywings het toegeneem
- Strukturele aanpassing in die 1980's het drastiese afsnyding van maatskaplike uitgawes veroorsaak wat tekorte aan handboeke, banke en onderwysers tot gevolg gehad het
- Nyerere (Tanzanië) skryf 'n pamflet 'Onderwys vir selfstandigheid' (1967) – hy brei laerskoolonderrig op die platteland uit en fokus op basiese geletterdheid

Onderwys in die Kongo

- Met onafhanklikheidswording was daar 14 universiteitsgegradueerdes in die Kongo en daarom is die hoëronderwys-sisteem uitgebrei
- Tussen 1960 en 1974 het primêre onderrig in die Kongo van 1,6 miljoen tot 4,6 miljoen gestyg
- Frans het die onderrigtaal in die Kongo gebly
- In Tanzanië: Nyerere, bevorder 'tradisionele' gemeenskapswaardes deur Ujamaa ('familieskap') dorpies; Tanzaniërs is aangemoedig om op landbou en tradisionele waardes te fokus en om selfstandig te word. Tanzaniërs het verkies om eerder in kommunes die grond bewerk as om kontantgewasse vir uitvoer te produseer
- In die Kongo: Zaïrinisasie: Mobutu het Afrika-gelowe en kultuur bevorder deur middel van sy beleid van 'authenticité'
- Mobutu het die mense aangemoedig om Afrika-klere te dra, om Afrika-musiek te speel en te luister en om Afrika-kos te eet
- Mobutu het baie dorpe en stede se name in die Kongo met Afrika-name hernoem (bv. Leopoldville het Kinshasa geword)

KLEREDRAG

- Mobutu en Nyerere het Kwame Nkrumah en Maoïstiese kleredrag aanvaar

KUNS

- Bevorder Afrika-kuns en letterkunde asook handwerk
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VSA

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui tot watter mate die verskillende vorms van protesaksies suksesvol was om rasse-diskriminasie en segregrasie te beeindig.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter hulle met die stelling saamstem.

UITBREIDING

Redes vir die opkoms van die Burgerregtebeweging:

- Woon in ghetto- en krotbuurtgebiede / swak behuising, onder-befondse fasiliteite (skool, gesondheid, ens.) gebrek aan werk en armoede; stadige tempo van verandering / verlies van geloof in die Burgerregtebeweging
- Kort agtergrond aan Martin Luther King Jnr. en die rede vir die Burgerregtebeweging.

- **Rosa Parks:** Rosa Parks 'n Afro-Amerikaanse vrou, het standpunt teen diskriminasie op openbare busse ingeneem.
- Op 1 Desember 1955 in Montgomery, Alabama, het sy geweier om haar sitplek op te gee aan 'n wit passasier, 'n norm in die suide wat Afro-Amerikaners vereis het om hul sitplekke op te gee.
- Sy is hier gearresteer en die voorval het die plaaslike swart gemeenskap tot die busdiens-boikot gelei
- Die federale hof het segregasie van openbare vervoer ongrondwetlik verklaar

- **Sitstaking (vanaf 1960)** – Greensboro, Noord-Carolina, vier studente het 'n 'sitstaking' in 'n "slegs-blanke"-eetplek begin (In die somer van 1961 het besighede in Greensboro gedesegregreer) Sitstaking versprei oor die gesegregeerde fasiliteite, ook met "pray-ins", "read-ins", "wade-ins", – ses eetplekke in Nashville het hul beleid verander en hul plekke gedesegregreer.

- **Vryheidsritte (nie-gewelddadig)** - (sit in busse en reis van noord na diep suide om nuwe federale wette wat segregasie verbied op nasionale busstelsel te toets.
- Aangeval deur bendes en met petrolbomme bestook, in die tronk gegooi en was nie deur plaaslike polisiebeamptes beskerm nie. Duisende hulself vrywillig verklaar en President Kennedy gedwing om federale magte in te roep om Vryheidsryers te beskerm.
- Streng nuwe wetgewing aanvaar wat deur
- Federale bevel wat op 1 November 1961 voorgestel is, het amptelik alle interstaat publieke fasiliteite gedesegregreer

- **Demonstrasie en optogte:**
- **Birmingham 1963** (Massademonstrasies, insluitend ʼn kinderopmars, is met gewelddadige en kwaai reaksie van die polisie begroet (waterkanonne, honde, ens., wat gebruik was om nie-gewelddadige betogers te terroriseer). President Kennedy het op TV gesê dat "rassesegregasie ' ʼn morele kwessie" was wat geen plek in die Amerikaanse lewe gehad het nie. Op 10 Mei 1963 het die stad se besighede en munisipaliteit aangekondig dat munisipale geriewe gedesegrereer sou word. Aanvalle en moorde van Afro-Amerikaners in die stad het voortgegaan (Medgar Evans, bombardement van die 16de Straatse Baptiste Kerk)

- **Optog na Washington 1963:** 250 000 mense het ʼn nie-rassige, nie-gewelddadige optog in Washington onderneem om volle gelykheid en werksgeleenthede te eis; Martin Luther King Jnr het sy 'Ek het ʼn droom toespraak' gelewer

- **Vryheids somer (1964):** Duisende aktiviste en vrywilligers (meer as 70 000 studente, baie van noordelike state, plaaslike SNCC-, CORE- en NAACP-aktiviste) het gewerk om Swart Amerikaners in Mississippi te registreer en in Vryheidskole (geletterdheidsgeskiedenis) te leer; Aktiviste en vrywilligers is begroet met geweld van wit segregasie-bendes en polisiebeamptes; (1964, 2 Julie) **Burgerregte Wet** aangeneem – het diskriminasie en segregasie by indiensneming en alle openbare geriewe verban

- **Selma-Montgomery-optogte (Maart 1965):** (Om te eis dat Afrika-Amerikaners toegelaat word om te registreer om te stem (slegs 2,5% van swart mense was geregistreerde kiesers weens intimidasie en rassistiese aanvalle). Na drie pogings, brutale polisie aanvalle op nie-gewelddadige betogers (bloedige Sondag) en massa-ondersteuning van regoor die land, het hulle Montgomery bereik. President Johnson onder druk gekom om die **Stemreg Wet** deur te voer in 1965

- **Die Stemreg Wet van 1965** (6 Augustus) aanvaar (raak ontslae van onwettige struikelblokke soos geletterdheidstoetse, 'polls'belasting) wat ingestel was om swartmense te verhoed om te registreer as kiesers: BRB het gelykheid voor die wet behaal

Slot: Kandidate moet hul argument met ʼn relevante slot saamvat. **[50]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou